NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

20 Februarie 2026

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Ringskribas
Gemeenteskribas

**OMSENDSKRYWE NR 5/2026**

Geagte broers en susters

## JAARVERSLAE EN RINGSVERSLAE 2026

### GEMEENTESKRIBAS

Die jaarlikse ringsvergadering is ’n kosbare geleentheid om die dienswerk in elke gemeente van die ring te evalueer en by mekaar te leer. Dit is terselfdertyd die geleentheid wanneer die ring saam na die oorhoofse situasie in die ring moet kyk en planne moet maak om die bediening in die hele ringsgebied so effektief moontlik in te rig.

Met dié doel voor oë word elke gemeente versoek om ’n aantal verslae in te vul. Benewens die verslae moet elke gemeente ter voorbereiding hulle nuutste bedieningsplan aan die ringsvergadering voorlê vir bespreking, en aandui watter knelpunte hulle graag met die ring wil bespreek of watter beskrywingspunte hulle graag aan die AKV sou wou voorlê vir oorweging.

Die kerkraad word versoek om die verslae nie uit blote pligpleging in te vul nie, maar eerder die geleentheid te benut om aan die hand van die verslag die suksesse van hul werk in die gemeente en gemeenskap te vier en die probleme wat hul bediening aan bande gelê het, by die naam te noem. Só word die grondslag gelê vir nuwe planne met die oog op die komende jaar, en vir vrugbare gesprek op die ringsvergadering. ’n Sinvolle ringsvergadering is juis ’n geleentheid waar ampsdraers uit verskillende gemeentes in die ring na mekaar luister en entoesiasties koppe bymekaar sit om die verkondiging van die evangelie, die gemeenskap van die gelowiges en diens aan die gemeenskap binne die ringsgebied op die heel beste manier moontlik te laat geskied.

Elke kerkraad word gevolglik vriendelik versoek om reg aan die begin van 2026 moeite te doen met die gemeente se jaarverslae en dit so gou moontlik aan die ringskriba deur te stuur. Maak asseblief die taak van die ringskriba makliker deur streng te hou by die sperdatums van die ring.

Elke gemeente moet asseblief twee verslae voltooi (aangeheg):

**A: Bediening in die gemeente**
**B: Kerklike goedere**

Verder moet elke gemeente ook die aanlynvorm invul wat aandui watter inligtingsbronne die kerkraad in stand hou (die vorm is beskikbaar by https://forms.office.com/r/Nz84hTvUQY). Hierdie inventaris is ’n meganisme om die kerkraad te herinner aan belangrike registers wat op datum gehou moet word – vir kerklike doeleindes én omdat wetgewing dit vereis. Sodra u

hierdie inventaris aanlyn ingevul en gestuur het, sal ’n kopie outomaties na u e-posadres gestuur word. U moet hierdie kopie **bewaar** (*save)* en dan aan die ringskriba stuur. Sodoende bevestig u dat u gemeente elk van die verskillende inligtingsbronne kragtens die Argiefwet (Wet 43 van 1996), die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013) bewaar en beveilig. Indien enigiemand wat daarby belang het dus hiervoor vra, behoort u die nodige aansoekproses gereed te hê, en ook flink u hand op die gevraagde inligting te kan lê.

Elke gemeente moet ook ’n **geloofsbrief** met die oog op die jaarlikse ringsvergadering voltooi en vir die ringskriba aanstuur. Let daarop dat die gemeente se twee afgevaardigdes na die ringsvergadering diakens óf ouderlinge kan wees, en dat dieselfde ouderling of diaken verkieslik nie na drie agtereenvolgende ringsvergaderings afgevaardig moet word nie. Alle predikante wat per beroepsbrief aan die gemeente verbonde is, moet ook op die geloofsbrief aangedui word en neem met volle stemreg aan die ringsvergadering deel. Proponente, beroepafwagtende predikante, emeriti, verteenwoordigers van die Kommissie van die AKV en van die NHSV in elke gemeente, en ander genooides neem met spreekreg sitting in die ringsvergadering.

**RINGSKRIBAS**

* Stukke wat na afloop van die ringsvergadering aangestuur moet word

Ná die ringsvergaderings moet die **ringskriba** die volgende stukke aan die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (karen@nhk.co.za) stuur:

1. **Die verslag oor u ringsvergadering** na aanleiding van die ring se bespreking van die gemeentelike Jaarverslae (Dele A en B) en besluite wat daar geneem is.

   Die verslag aan die Kommissie van die AKV moet kort en kernagtig wees, en ***slegs die inligting bevat wat na die Kommissie deurgegee word vir kommentaar en/of besluit***. Dit moet net so in die agenda van die Kommissie van die AKV opgeneem kan word. Hierdie kort verslag wat u vir die Kommissie aanstuur is ’n afsonderlike dokument wat slegs dié sake uitlig waaraan die Kommissie aandag moet gee.

2. Die agenda en notule van die ringsvergadering moet op die **ekstranet** gebêre word onder https://nhka.sharepoint.com/sites/Ringe_Xtranet. Indien u die agenda of notule van die ringsvergadering nie self op die ekstranet kan bêre nie, moet u dit asseblief aan die **Inligtingsbeampte, mnr Gerhard Pieters**, stuur by data@nhk.co.za. *Moet asseblief geen volledige agenda, notule of besluitebundel aan die kantoor van die Kommissie van die AKV stuur nie*.

Die **ringskriba** moet ook kontroleer dat elkeen van die gemeentes in die ring die volgende inligting op die Kerk se ekstranet en e-Almanak (toeganklik via Teams) opgedateer het:

3. Gemeentes moet hul **lidmaattellings op die e-Almanak** (toeganklik via Teams) invul, sowel as alle **persoonlike inligting** van gemeentes, predikante en kontakpersone wysig indien nodig. Indien u daarmee sukkel, kan u gerus vir mev Jianni Joubert kontak by algemeen@nhk.co.za.

4. **Die ring én elke gemeente se inventaris van inligtingsbronne** moet jaarliks ingevul en/of opgedateer word by https://nhka.sharepoint.com/sites/NHKA-Xtranet/SitePages/DIE-INVENTARIS-VAN-INLIGTINGSBRONNE--JANUARIE-

2024.aspx. Hierdie inventaris dien as herinnering aan die administratiewe verantwoordelikheid wat op die ringskommissie rus om inligting rakende die handelinge van die ring getrou te bewaar. Kragtens die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI) moet die ring – soos elke gemeente – verantwoordelikheid aanvaar vir die inligting wat hulle versamel en bewaar, en kan hulle groot boetes en selfs tronkstraf opgelê word indien die voorgeskrewe dokumente nie bewaar en by navraag beskikbaar gestel word nie.

Die **inventaris van inligtingsbronne** is beskikbaar by https://forms.office.com/r/Nz84hTvUQY, en kerkrade kan enige probleem of onduidelikheid opklaar deur die Kerkargivaris, mnr Nándor Sarkady, of Inligtingsbeampte, mnr Gerhard Pieters, te kontak by argief@nhk.co.za.

Die ringskriba moet ook die inventarisse van inligtingsbronne van die ringskommissie en van elke gemeente in die ring elektronies aan die Kerk se Inligtingsbeampte deurstuur by data@nhk.co.za.

* Bywoning van ringsvergaderings deur lede van die Kommissie van die AKV

Lede van die Kommissie van die AKV sal so ver moontlik u ringsvergadering bywoon. U sal later in kennis gestel word wie u ringsvergadering gaan bywoon. Maak asseblief vroegtydig kontak met die betrokke Kommissielid om te verseker dat u enige inligting met betrekking tot reis, verblyf, die agenda en volgorde van die program of enige laat wysigings aan die persoon kan deurgee.

* Ringsvergadering 2026

Die ringskriba moet asseblief die meegaande vorm waarop die datum vir die ringsvergadering en die plek waar dit plaasvind aangedui moet word, ***by ontvangs van hierdie dokument voltooi en na karen@nhk.co.za stuur***, al het u moontlik reeds die datum deurgegee. **Doen dit asseblief voor 27 Februarie 2026.**

Ringskommissies word met die oog op die ringsvergaderings vriendelik versoek om die vergaderings so in te rig dat die ringsvergadering nie verval in 'n gebruiklike pligpleging wat afgejaag word nie, maar dat die afgevaardigdes indringende gesprek sal voer oor die beste maniere waarop ons getrou kan wees aan ons roeping. Die ringe word versoek om aan te sluit by die tema van die Kommissie van die 74ste Algemene Kerkvergadering: *Ons bou saam!* Kom ons verander die narratief deur saam konstruktief planne te maak wat die gemeentes en die ring op die lang duur in 'n beter posisie plaas, en nie deur bloot probleme te lys nie. Indien die Kommissie u van advies kan voorsien, kan u ondergetekende gerus kontak.

Ringskommissies word ook vriendelik versoek om goeie gehalte foto's tydens ringsvergaderings te neem en dit, met behoorlike beskrywings, aan mnr Hugo van Niekerk by grafies@nhk.co.za te stuur ter wille van die historiese waarde daarvan.

* Leiding aan nuutverkose skribas

Indien 'n nuwe ringskriba verkies word, moet die uittredende skriba aan die nuutverkoste skriba leiding gee, en tydens die vergadering en ook daarna help totdat al die vereiste dokumentasie na die Sekretaris: Kommissie van die AKV versend is. ***Die uittredende skriba dra dus medeverantwoordelikheid vir die afhandeling van die dokumentasie van die betrokke jaar se ringsvergadering.*** Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het nietemin hul sekretaris, dr WC van Wyk, versoek om na

afloop van al die ringsvergaderings aanlyn 'n toerustingsessie vir al die nuwe ringskommissies aan te bied.

***Ringskribas word versoek om asseblief ten volle saam te werk***. U moet verkieslik al die nodige inligting op die ekstranet bêre of elektronies aanstuur. Indien u dokumentasie wel fisies versend word, moet u van 'n koerierdiens gebruik maak, anders kan u dokumente wegraak. Maak boonop vir u 'n afskrif van elke dokument wat u aanstuur. Indien die dokumente nie binne 'n maand na afloop van die ringsvergadering ingehandig is nie, sal daar dadelik by die **ringsvoorsitter** navraag gedoen word.

* Ringsargiewe

Ringskommissies word daaraan herinner dat ringsargiewe (notules en korrespondensie van die ring) baie gereeld ingehandig moet word. U word aangemoedig om elektroniese dokumente self op die Kerk se ekstranet te gaan bêre (https://nhka.sharepoint.com/sites/Ringe_Xtranet). Kontroleer asseblief wanneer die ringskommissie laas agendas en notules van die ringsvergadering aan die kantoor van Kommissie gestuur het, en stuur gerus elektronies stukke in PDF-formaat aan die Inligtingsbeampte, mnr Gerhard Pieters, by data@nhk.co.za.

U samewerking in bovermelde verband word hoog op prys gestel.

**ALGEMEEN**

Indien u enige onduidelikheid het oor enige verslag, skakel gerus met ondergetekende.

By voorbaat baie dankie vir u samewerking. Ons bid u seën en sterkte toe met u werksaamhede in 2026.

Beste wense,



**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JM Bevolo-Manders***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za